

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 232**

(Geen datum)

**God sal jou altyd onthou**

\* \* \* \* \*

"Ek wil die Here loof met my hele hart."

(Psalm 9:2)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Neergeboë in U Heilige Tempel

". . . Ek mag deur u groot liefde in u huis ingaan en in u heilige tempel buig met die eerbied wat aan U verskuldig is." (Ps. 5:8).

Met die sing van Ps. 5 tydens die môre-offer, het die volk van God hulle voorberei om die Here in sy heilige tempel te ontmoet.

Hiermee het hulle die hart en die lewe voor God oopgemaak voordat hulle na die huis van die Here gegaan het.

Met hierdie ootmoedige smeekgebed, uit die hart, is die troue Verbondsgod aangeroep,

- met *woorde* wat ernstig geweeg en oorweeg is,
- wat spreek van geloofsbepeinsing en heilige ontroering:

"O Here, luister na my woorde,  
let op my versugting.  
Gee ag op die stem van my hulpgeroep,  
my Koning en my God, want tot U bid ek."

So het die gelowiges van ouds hulle gereedgemaak om in die huis van die Here in te gaan, en in sy heilige tempel neer te buig.

Die gevaar is groot dat my godsdienstige handeling kan ontaard in 'n gedagtelose sleurgang,

- lusteloos en onbesield in my diens aan die Here,
- verveeld en onbetrokke in die kerk en onder die prediking; 'n koue, formele gewoontegodsdiens wat geen ware godsdiens meer is nie, maar wat my eerder al hoe verder van die Here af wegdryf.

Ook op ander plekke waarsku die Bybel teen hierdie gevaarlike toestand. Die wyse Prediker sê: "Gee ag op jou voet as jy na die huis van God gaan." (Pred. 4:17).

Met ander woorde — die ware godsdiens is 'n saak wat biddende bepeinsing verg. Dit kom nie sommer vanself nie.

- Om waarlik in die diens van die Here te staan,
- om waarlik 'n toegewyde Christen te wees,
- om waarlik die offer van jou lewe op die altaar van gehoorsaamheid te plaas,

vereis van jou om diep neer te buig voor die Here met die eerbied wat aan Hom verskuldig is; dit vereis verootmoediging en 'n biddende hart, dit vra van jou nadenke en besinning en oorweging en 'n huidige ontsag vir die Woord van God.

Dit beteken dat jy deur die Here Self geleer en gelei moet word om sy wil te doen.

So het die Psalmidiger van ouds tydens die môre-offer hom neergebuig in die heilige tempel van die Here — met ootmoedige aanbidding, en gelowige onderworpenheid.

So het hy hom voorberei vir die ontmoeting met God.

Hieruit moet ons leer dat dit die ingesteldheid moet wees van die mens wat tot God nader.

Om na die huis van die Here te gaan, om daagliks in gemeenskap met Hom te lewe, om voortdurend te put uit die ryke bron van sy genade, beteken dat jy moet volhard in jou biddende soeke na God, en geen oomblik mag verslap nie.

Soek die Here terwyl Hy te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy naby is!

Die persoon wat gereeld sy hart in stille afsondering voor die Here oopmaak;

— en wat so in die binnekamer besig bly;

— en steeds vervul bly met geloofsverwondering oor God se groot verbondsliefde,

hy word in sy omgang met God ryklik bevredig, opnuut besiel, en kragtig aangevuur, tot hernieude roepingsvervulling in hierdie lewe, waaruit die fleur en die sprankel grootliks verdwyn het, en waarin 'n lustelose traagheid dreig om jou te versmoor.

Die persoon leer God ken as barmhartig en genadig, lankmoedig en groot van goedertierenheid.

Die persoon leer Jesus Christus ken as die ware môre-offer wat vrypraak en lig en nuwe lewe bring vir sondaarmense.

Die persoon verbind hom aan die diens van die Here met vreugde en lus en liefde,

— hy buig hom in dankbare gehoorsaamheid neer voor Gods aangesig,

— hy ontdek nuwe sin en betekenis in hierdie lewe,

— en uiteindelik word hy deur die hemelpoorte ingelei om daar vir ewig in God se heerlike teenwoordigheid te verkeer.

"Dan gaan ek in na Gods altare, tot God, my God, my vreugde en lied."

***Ds. Pieter van der Walt***

# Waar die hart van vol is loop die mond mee oor

Waarvan loop jou mond oor? Wat is daar te bespeur in al jou gesprekke?

Gesels jy net oor jouself, jou prestasies, jou werk, jou kinders, jou motor, jou nuwe planne, jou probleme?

Dan is jou hart net vol van jouself. Dan is jy vir jouself die belangrikste in die lewe.

Gesels jy net oor geld, oor die styging in pryse, oor die hoë inflasiekoers, die al minder waarde van die Rand, die swak salarisse en die hoë belastinge?

Dan is jou hart net vol van geld. Dan is geld en nogmaals geld die belangrikste in jou lewe.

Dit is daarom belangrik om te kyk *waarvan* Dawid se hart vol was. In Psalm 9 begin hy met hierdie woorde:

"Ek wil die Here loof met my hele hart; ek wil al U wonders vertel. In U wil ek bly wees en juig; ek wil psalmsing tot eer van U Naam, o Allerhoogste." (v. 2 & 3).

*Wat* hierdie woorde soveel meer aangrypend maak is dat ons dit vind in 'n Psalm wat spreek van groot nood. Die keuse van die wysie by hierdie Psalm, naamlik "Sterf vir die Seun" spel 'n doodse nood uit.

Dawid ken sy nood, hy sluit nie sy oë daarvoor nie. Sy vyande soek sy dood. Wie sou hom dit kon verkwalik as hy sou begin met 'n klaagsang oor homself? Ons hoor dit vandag so baie, mense wat kla oor al hul node. Dawid wil egter die Here loof en prys, want hy sien te midde van al sy nood nog God se bewarende genade raak. Alleen van God verwag hy volkome verlossing. Sy hart is op God gerig en nou loop sy mond oor met 'n loflied op die verlossing.

Is jy nog bewus van jou nood, daardie groot nood wat jou in volle skuld voor God dompel sodat jy eintlik net die ewige dood verdien. Dit is belangrik dat jy dit moet raaksien, maar as dit al is wat jy raaksien dan is jy nog 'n ellendige mens.

Jy moet nou ook die verlossende genade van God raaksien in Jesus Christus. Hy het gekom om almal wat opreg by God hulp vra, te red. Hy het gekom om ons skuld voor God te betaal. Hy het ons doodse nood by die wortel aangepak deur te sterf en uit die dood op te staan.

Eers as jy dit raaksien, sal jy nie meer staatmaak op jouself of op geld of enige iets anders nie — jou hart sal nie meer daarvan vol wees nie. Jy sal nou jou lewe in God vind. Te midde van alle omstandighede sal jy nou jou vreugde in God vind en altyd net op Hom vertrou. Hy sal die belangrikste wees in jou lewe.

Waar is die dank- en lofliedere wat oor jou lippe moet rol?

**Ds. Sarel Cilliers.**

# In die hemel is geen onreg nie

Onreg deurtrek die wêreld. Korruptsie en leuens is selfs by vooraanstaande mense niks vreemd nie.

Kan mens ooit oor jou belange veilig voel? Oneerlike mense gebruik die fyndruk van 'n kontrak teen die onskuldiges. Bankinstellings, lei deur bedrog, groot verliese. Is jou geld nog veilig by ander? Waarheid en leuen word vermeng in nuusberigte. Kan mens die inligting wat oorgedra word altyd glo? Een skinderstorie is genoeg om die edelste mens se naam vir altyd swart te smeer.

Wat word van die reg? Wie is regverdig hier op aarde? Niemand nie! Die Here alleen is volmaak regverdig. Hy sit op sy troon as regverdige regter (Psalm 9:5). Sien jy dit raak?

Juis die regverdigheid van die Here word so onopgemerk deur die Satan weggepraat. Die Satan gebruik kerkmense om sy doel te bereik. God word voorgestel as iemand met 'n laat-maar-begaan houding. Is Hy dan nie Immers barmhartig nie? As iemand dan met die sonde deurmekaar raak, word gesê: "Laat ons nie sê dat dit verkeerd is nie, God sal dit ook maar vergewe". So word, met eerbied gesê, oor die Here gedink asof Hy 'n goeie ou man is, blind en skadeloos. Ons moet egter besef dat die Here as regter sit op die troon.

Dit is nou juis die heerlike van die Here se barmhartigheid, dat Hy volmaak en regverdig is. Toe Adam en Eva in sonde geval het, het Hy hulle nie maar laat begaan nie. God het hulle gaan soek en van hulle verantwoording geëis. Hy het jou ook geskep en sal van jou ook verantwoording eis. Hy sal die wêreld nie vir altyd in hierdie toestand van ongeregtigheid en sondigheid laat bly nie. Die Here kan onreg nie verdra nie. Hy soek ons op om die wêreld te herstel na volkome geregtigheid — Die ewige straf lê voor, maar ook die volmaakte geregtigheid — sondeloosheid — na die oordeelsdag.

Ons sidder voor die Here se volmaakte geregtigheid. Ons juig oor daardie selfde geregtigheid. Ons sidder voor sy geregtigheid — daarom vlug ons na Jesus Christus wat vir ons onreg betaal het.

Ons juig omdat Hy ons deur Christus erfgename maak van die volmaakte hemelse geregtigheid.

Hoe heerlik om te weet dat onreg sal verdwyn. Nie net die onreg teen my nie — ook die ongeregtigheid in my sal tot 'n einde kom deur God se verlossing in Jesus Christus.

*Maar bo wat wissel en vergaan,  
bly ewig God se rykstroon staan.  
Hy vel sy vonnis uit die wolke,  
regverdig oordeel Hy die volke. (Ps. 9:5 beryming).*

**Ds. Pieter Odendaal**

# Die Here is 'n rots

- 'n Bergklimmer voel altyd veilig as hy daar hoog in die dun lug van die berge net sy voet op 'n vaste, stewige rots kan neersit.
- 'n Hengelaar vind sy vastigheid daar langs die see op die vaste rotse.

En nou gebruik die Bybel telkemale hierdie beeld:

GOD IS ONS ROTS!

Ja, nie minder nie as 31 keer staan dit in die Bybel, dat die Here 'n rots is!

Hierdie beeld dra die volgende gedagtes:

- 'n Beeld van krag — soos in Ps. 62:8: ". . .die rots van my sterkte my toevlug is in God". Al sou ons swak voel teen die aanslae van die sonde . . . God is kragtig (soos 'n rots) wat die sonde kan vernietig.
- 'n Beeld van *Beskutting* — soos in Ps. 71:3: "Wees vir my 'n rots om in te woon". Ja, by God is jy veilig . . . Hy omarm en beskerm en beskut Sy kind.
- Beeld van *onveranderlikheid* — soos in Deut. 32:4 waar Moses die veranderlikheid van die mens stel teenoor God wat onveranderlik is soos 'n rots.
- En beeld van *ewigheid* — soos in Matt 16:16-18. Hier stig Christus sy kerk en plaas dit vas en stewig op die belydenis, dat Christus die Verlosser is. En hierdie Rots, Jesus Christus, . . .is ewig . . . "die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie".

As ek en jy, geliefde Leser, dan so maklik heen en weer geslinger kan word . . .

- deur omstandighede . . . ons lewe kan mos maklik "swart" word as omstandighede, soos siekte en hartseer en dood in ons lewe ingryp.
- deur emosies . . . die een oomblik kan ons opgewek en bly wees, en die volgende oomblik hartseer en bedroef.
- deur twyfel . . . so maklik kan 'n mens begin twyfel . . . jou geloof wankel . . . jy voel verward en verlore . . .

Vlug dan na God, die Rots van sy kind!

- Hy is kragtig — in Christus het Hy ook *jou* sonde vernietig . . . die Satan oorwin . . . die dood ontangel.
- Hy is 'n beskutting — elke dag skenk Hy aan ons lewe en gesondheid en krag. Hy beskerm ons, en dra ons deur die lewe.
- Hy is onveranderlik — sy beloftes in die Bybel is waar en seker. Nóóit sal God Sy genade aan jou onttrek nie.
- Hy is ewig — en ons sal in Sy ewigheid deel na die dood deur die verlossing van Sy Seun, Jesus Christus.

Vind dan ook jou veiligheid, soos 'n bergklimmer of hengelaar, in Christus, ons Rots en Verlosser!

Wie sal dan bang wees?

Bly naby aan God met jou hele lewe!

**Ds. Nico Lighthelm.**

# God vergeet sy kinders nie!

"Die goddelose sal teruggaan na die doderyk, almal wat God vergeet."

Maar "die behoeftige sal nie vir altyd vergeet word . . . nie."

(Ps. 9:18, 19).

Die mens is van nature vergeetagtig.

Met nalatigheid en agterlosigheid kry ons daagliks te doen, en dikwels maak ons, onself daaraan skuldig.

In ons besige lewens met al die bedrywighede, aktiwiteite en drukdoenery is daar soveel dinge wat nagelaat word en versuim word en vergeete bly.

Afsprake word vergeet, en ooreenkomste en reëlings. Tye en plekke en datums. Vergaderings en opdragte.

Veel erger nog as 'n mens jou *medemens* begin vergeet.

- Diegene wat van jou afhanklik is, en hulle van wie jy eens afhanklik was.
- Diegene wat op jou staatmaak, en hulle op wie jy eens staatgemaak het.
- Diegene wat jy moet bystaan, en hulle wat jou eens bygestaan het.

Wat van die weldaad wat aan jou bewys is, die goeie gesindheid wat jy ontvang het en die ondersteuning wat jy gekry toe jy so hoog in die nood was?

Wanneer 'n mens dit vergeet, en jou weldoener die rug toekeer, dan veroorsaak dit bitterheid en gekrenkte eer en seergemaakte gevoelens.

Niks brand so fel soos die vlam van vertrapte liefde en geskonde eer nie!

Die ergste is wanneer 'n mens jou *grootste Weldoener* verontagsaam!

- wanneer jy aan die God van hemel en aarde nie meer dink nie;
- wanneer jy Hom vergeet wat jou geskape het, en jou in sy troue vadersorg steeds onderhou;
- wanneer jy die rug draai op Hom wat alles aan jou skenk wat jy nodig het vir tyd en ewigheid.

Die God wat jou in Jesus Christus sy eiendom wil maak, wat jou uit die mag van die sonde en die Satan wil verlos, en aan jou die ewige lewe wil gee.

Dit is verskriklik om te dink dat daar soveel mense is wat God doelbewus vergeet, ignoreer en buite rekening laat.

Daar is mense wat in hul onverskilligheid, ongehoorsaamheid en ondankbaarheid geen ag op Hom slaan nie.

Daar is mense wat opsetlik probeer om Hom opsy te skuif en uit hulle lewens te skakel.

Dit is van sulke mense wat Dawid hier in Ps 9:18 skryf:

Hulle "sal teruggaan na die doderyk."

Hulle bestemming is die ewige verderf.

En daar in die verdoemenis sal God van hulle vergeet.

Diegene wat hier op aarde in hul sorgelose losbandigheid, God wil ontvlug, sal in die ewigheid hierna agterkom wat dit beteken om van God verlate te wees.

Maar Dawid gaan verder en sê; "Die behoeftige sal nie vir altyd vergeet word nie."

Die verwagting van die wat in nood is, sal nie vir ewig vrugteloos wees nie.

Die persoon wat in sy behoefte en in sy nooddrif in die geloof aan die Here bly vashou, hy word deur God nie vergeet nie.

Die persoon wat in sy aardse verdrukking en ellende steeds ootmoedig *na* Bo bly kyk, en wat sy hulp en heil van God alleen verwag — hy word deur die Here in sy genade gedenk.

Sy verwagting sal nie teleurgestel word nie.

Sy hoop sal nie vrugteloos wees nie.

Al voel dit soms oneindig lank voordat God ingryp — sy beloftes hou stand.

God is 'n betroubare Regter. Hy red diegene wat by Hom hulp vra, maar die goddelose mense laat Hy in hulle eie onreg vasdraai en uiteindelik ten gronde gaan.

Elkeen wat voor Hom neerbuig,

— wat in Hom glo,

— wat van Hom afhanklik bly,

— en wat sy Naam bely, sal God nie vergeet nie.

Ter wille van Jesus Christus onthou Hy sy kinders!

En om deur God onthou te word, ontsluit die heerlikheid!

Waak dan dat jy Hom nie vergeet nie!

God sal jou nooit vergeet nie.

***Ds. Pieter van der Walt.***